



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

DANSSTUDIES

2019

PUNTE: 100

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings met 12 vrae in totaal. Beantwoord slegs AGT vrae soos volg:

AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG (40 punte)

- Beantwoord VIER van die ses vrae in hierdie afdeling.
- Jy het 'n keuse tussen VRAAG 2 en VRAAG 3. Indien jy albei vrae beantwoord, sal slegs die EERSTE antwoord nagesien word.
- Jy het 'n keuse tussen VRAAG 5 en VRAAG 6. Indien jy albei vrae beantwoord, sal slegs die EERSTE antwoord nagesien word.

AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN -GELETTERDHEID (60 punte)

- Beantwoord VIER van die ses vrae in hierdie afdeling.
- Jy het 'n keuse tussen VRAAG 9 en VRAAG 10. Indien jy albei vrae beantwoord, sal slegs die EERSTE antwoord nagesien word.
- Jy het 'n keuse tussen VRAAG 11 en VRAAG 12. Indien jy meer as EEN vraag beantwoord, sal slegs die EERSTE antwoord nagesien word.

2. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
3. Lees elke vraag aandagtig deur en let op na wat vereis word.
4. **LET WEL:** Indien jy gevra word om *te verduidelik/breedvoerig te skryf/te beskryf/te ontleed/te evalueer/te vergelyk*, skryf jou antwoord in volsinne en gee soveel inligting as moontlik. Eenwoordantwoorde sal NIE aanvaar word NIE.
5. Jy kan rofwerkbeplanning in die ANTWOORDEBOEK doen. Trek 'n streep deur enige werk wat NIE nagesien moet word NIE.
6. Jy sal geassesseer word op jou vermoë om:
 - Goeie Afrikaans te gebruik (skryf slegs in een taal)
 - Inligting te organiseer en duidelik oor te dra
 - Die spesifieke formaat te gebruik wat in sekere vrae vereis word
 - Spesialis-dansterminologie te gebruik, waar nodig
7. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG**VRAAG 1: BESERINGS (VERPLIGTEND)**

Andile is met tendonitis gediagnoseer. Sy dokter het hom geadviseer om vir twee weke nie ten volle aan sy dansklasse deel te neem nie.

- 1.1 Definieer *tendonitis*. (1)
- 1.2 Noem die eenvoudige eerstehulpbehandeling wat Andile tuis kan toepas om met die herstel van sy tendonitis te help. (1)
- 1.3 Noem DRIE aktiwiteite wat Andile kan doen om fiks te bly terwyl hy nie ten volle aan die klasse kan deelneem nie. (3)
- 1.4 Verduidelik VYF maniere waarop Andile tendonitis kan voorkom sodat dit nie weer in die toekoms opvlam nie. (5)
- [10]**

LET WEL: Jy het 'n keuse tussen VRAAG 2 en VRAAG 3.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

VRAAG 2: FIKSHEIDSKOMPONENTE– UITHOUVERMOË (KEUSE)

- 2.1 'n Danser het beide kardiovaskulêre en spieruithouvermoë in die dansklas nodig.
Definieer *kardiovaskulêre uithouvermoë* en *spieruithouvermoë*. (2 x 2) (4)
- 2.2 Beskryf EEN oefening wat gedoen kan word om stamina-/uithouvermoëvlakke te verbeter. (1)
- 2.3 Verduidelik VYF faktore wat 'n gebrek aan uithouvermoë by 'n danser kan veroorsaak. (5)
- [10]**

OF

VRAAG 3: FIKSHEIDSKOMPONENTE – NEUROMUSKULÊRE VAARDIGHEDE (KEUSE)

Dans vereis 'n kombinasie van verskillende neuromuskulêre vaardighede. Elke vaardigheid is belangrik om 'n hoë vlak van dansuitvoering te bereik.

- 3.1 Noem enige VYF neuromuskulêre vaardighede. (5)
- 3.2 Verduidelik hoe elk van die VYF vaardighede wat in VRAAG 3.1 genoem is, dansuitvoering sou verbeter. (5)
- [10]**

VRAAG 4: BEWEGINGSKWALITEIT (VERPLIGTEND)

Jou danssolo vir jou finale graad 12 praktiese eksamen het vereis dat jy uitstekende bewegingskwaliteit vertoon. Wat verstaan jy onder *bewegingskwaliteit*?

Behalwe goeie danstegniek, bespreek ten minste VYF ander kwaliteite van beweging wat die eksaminator of 'n gehoor sou betower. **[10]**

LET WEL: Jy het 'n keuse tussen VRAAG 5 en VRAAG 6.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

VRAAG 5: VOEDING (KEUSE)

Goeie voeding kan 'n danser se uitvoering/optrede verbeter.

Gee VYF belangrike voedingsWENKE wat jou mededansers kan volg.

Verduidelik hoe ELKE wenk tot optimale optrede bydra. **[10]**

OF

VRAAG 6: SPIERE EN AKSIES (KEUSE)[Bron: media-cache-ak0.pinimg.com]

Bestudeer die foto hierbo en beantwoord die vrae wat volg. Gebruik anatomiese terminologie in jou antwoorde.

- 6.1 Identifiseer EEN anatomiese aksie wat in die regterheupgewrig van die danser in die middel plaasvind. (1)
- 6.2 Noem EEN spier/spiergroep wat vir die aksie in VRAAG 6.1 verantwoordelik is. (1)
- 6.3 Identifiseer EEN anatomiese aksie wat in die enkels van die danser in die middel plaasvind. (1)
- 6.4 Noem EEN spier/spiergroep wat vir die aksie in VRAAG 6.3 verantwoordelik is. (1)
- 6.5 Identifiseer watter anatomiese aksie in die danser se knieë plaasvind. (1)
- 6.6 Noem EEN spier/spiergroep wat vir die aksie in VRAAG 6.5 verantwoordelik is. (1)
- 6.7 Identifiseer EEN anatomiese aksie wat in die danser se regterskouergewrig plaasvind. (1)
- 6.8 Noem EEN spier/spiergroep wat vir die aksie in VRAAG 6.7 verantwoordelik is. (1)
- 6.9 Identifiseer watter anatomiese aksie in die danser se linkerskouergewrig plaasvind. (1)
- 6.10 Noem EEN spier wat vir die aksie in VRAAG 6.9 verantwoordelik is. (1)

[10]**TOTAAL AFDELING A: 40**

AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN -GELETERDHEID (VERPLIGTEND)

VRAAG 7: DANSVORMS

Teken die tabel hieronder in jou ANTWOORDEBOEK oor. Gee inligting soos hieronder aangedui oor Afrikadans en EEN ander dansvorm wat jy op skool bestudeer het.

AFRIKADANS		NOEM DIE ANDER DANSVORM	
7.1	Verduidelik, in volsinne, TWEE herkenbare bewegingsbeginsels wat kenmerkend van Afrikadans is.	(2)	Verduidelik, in volsinne, TWEE herkenbare bewegingsbeginsels wat kenmerkend is van die dansvorm wat gekies is.
7.2	Noem TWEE herkenbare eienskappe wat kenmerkend van die kostuums/kleredrag van Afrikadans is.	(2)	Noem TWEE herkenbare eienskappe wat kenmerkend is van die kostuums/kleredrag van die dansvorm wat gekies is.
7.3	Noem EEN herkenbare eienskap wat kenmerkend van die musiek/begeleiding van Afrikadans is.	(1)	Noem EEN herkenbare eienskap wat kenmerkend is van die musiek/begeleiding van die ander dansvorm wat gekies is.

[10]

VRAAG 8: IMPROVISASIE EN CHOREOGRAFIE (VERPLIGTEND)

Jy het regdeur graad 10 tot 12 verskillende aspekte van improvisasie in jou dansklasse verken.

- 8.1 Hoe het improvisasie tot jou ontwikkeling as 'n danser/choreograaf bygedra? (5)
- 8.2 Gebruik die foto/visuele beeld hieronder as 'n stimulus en stel 'n plan op vir die choreografering van 'n nuwe danswerk.



[Bron: media-cache-ak0.pinimg.com]


(5)
[10]

SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWA EN DANSWERKE

LET WEL: Jy het 'n keuse tussen VRAAG 9 en VRAAG 10.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

VRAAG 9: GREGORY MAQOMA SE *FOUR SEASONS* (KEUSE)

Four Seasons deur Gregory Maqoma is 'n inspirerende produksie met 'n uitstekende rolverdeling en kunstigheid.



[Bron: Skermskoot uit die DVD]

- Gee 'n kort agtergrond oor wat tot Maqoma se ontwikkeling as 'n merkwaardige choreograaf gelei het.
- Beskryf die boodskap/doel wat Maqoma deur hierdie danswerk aan die gehoor wou oordra.
- Analiseer hoe hy die bewegingswoordeskat en produksie-elemente in elke seisoen gebruik om sy boodskap/doel oor te dra.
- Verduidelik sy innoverende gebruik van musiek in hierdie produksie.
- Gee jou interpretasie/vertolking van die boodskap wat die EINDE van hierdie danswerk aan die gehoor kommunikeer.

[20]

OF

VRAAG 10: SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAAF EN DANSWERK (KEUSE)

SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWA	DANSWERKE
Alfred Hinkel	<i>Bolero/The Last Dance/Cargo/ Rain in a Dead Man's Footprints</i>
Carolyn Holden	<i>Imagenes</i>
Dada Masilo	<i>Swan Lake/Romeo and Juliet</i>
Gary Gordon	<i>Bessie's Head</i>
Gregory Maqoma	<i>Beauty Trilogy/Skeleton Dry/ Somehow Delightful</i>
Mavis Becker	<i>Flamenco de Africa</i>
Sylvia Glasser	<i>Tranceformations</i>
Veronica Paeper	<i>Orpheus in the Underworld/Carmen</i>
Hazel Acosta	<i>Blood Wedding</i>
Vincent Mantsoe	<i>Gula Matari</i>

Kies EEN van die voorgeskrewe Suid-Afrikaanse choreografe en sy/haar danswerk uit die voorgeskrewe lys hierbo en beantwoord die volgende:

- Gee die naam van die choreograaf en die titel van die danswerk waarvoor jy skryf.
- Gee inligting oor die agtergrond, opleiding, inspirasies en invloede wat hom/haar gehelp het om as 'n choreograaf te ontwikkel.
- Beskryf die sinopsis/doel van die werk.
- Ontleed die produksie-elemente en bewegingswoordeskat wat gebruik is om die betekenis van die werk simbolies oor te dra.
- Bespreek die bydraes wat hierdie choreograaf aan dans in Suid-Afrika gemaak het. Gee spesifieke voorbeelde om jou antwoord te verduidelik.

[20]

INTERNASIONALE CHOREOGRAWIE EN DANSWERKE

LET WEL: Jy het 'n keuse tussen VRAAG 11 en VRAAG 12.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

VRAAG 11: CHRISTOPHER BRUCE SE *GHOST DANCES* (KEUSE)

Christopher Bruce se prysenswaardige danswerk, *Ghost Dances*, gaan in teaters in Suid-Afrika opgevoer word.

Skryf 'n persverklaring om die publiek oor hierdie opkomende geleentheid in te lig.

Sluit die volgende inligting by jou persverklaring in:

- Die titel en inligting oor datums wanneer en waar die werk opgevoer gaan word
- 'n Kort bespreking van Christopher Bruce se professionele loopbaan wat tot sy aanprysing gelei het
- Die agtergrond en samevatting van hierdie danswerk
- Voorbeelde van die produksie-elemente om die leser opgewonde te maak oor dit wat in hierdie werk verwag kan word
- Insig in die bewegingswoordeskat en hoe dit die boodskap van hierdie werk simbolies uitbeeld
- Waarom Suid-Afrikaanse gehore na internasionale danswerke moet kyk

[20]**OF**

VRAAG 12: INTERNASIONALE CHOREOGRAAF EN DANSWERK (KEUSE)

INTERNASIONALE CHOREOGRAWA	DANSWERKE
Alvin Ailey	<i>Revelations</i>
George Balanchine	<i>Apollo/Jewels</i>
Jiří Kylián	<i>Wings of Wax/Stamping Ground</i>
Martha Graham	<i>Lamentation/Errand into the Maze</i>
Matthew Bourne	<i>Swan Lake/Cinderella</i>
Mats Ek	<i>Giselle/Swan Lake/Carmen</i>
Pina Bausch	<i>The Rite of Spring</i>
Rudi van Dantzig	<i>Four Last Songs</i>
William Forsythe	<i>In the Middle, Somewhat Elevated</i>

Kies EEN van die voorgeskrewe internasionale choreografe en sy/haar danswerk uit die lys hierbo om hierdie vraag te beantwoord.

Jy gaan die gasheer/gasvrou van 'n dansfilmaand vir dansstudente en -entoesiaste by jou skool wees. Jy is versoek om 'n toespraak te lewer voordat die dansfilm vertoon word.

Sluit die volgende inligting by jou toespraak in:

- Gee die titel van die danswerk en die naam van die choreograaf wat jy gekies het.
- Beklemtoon die belangrikheid daarvan dat Suid-Afrikaanse dansstudente oor internasionale dansgeskiedenis leer.
- Stel die choreograaf bekend deur 'n kort biografie van sy/haar loopbaan en bydraes tot die dansbedryf te gee.
- Gee 'n kort samevatting van die sinopsis/tema van die werk.
- Verduidelik die choreograaf se spesifieke bewegingswoordeskat en dansstyl wat in hierdie danswerk gebruik word.
- Vestig die aandag op die simboliek wat in die produksie-elemente uitgedruk word. **[20]**

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100